# DIE WEDERVARINGS VAN 'N OUD-ONDERWYSER TYDENS DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899-1902 — VI

*In gevangeskap weggevoer na die krygsgevangekamp Bellary, Indië**

Gedurende die oorlog was Groenpunt vir die Engelse outoriteite die versamelplaas van Boere wat as krygsgevangenes van heinde en ver daarheengebring is. 'n Troepeskip is voortdurend gereed gehou, sodat wanneer die krygsgevangenes aangegroei het tot 'n vol skeepslading, hulle dadelik verskeep kon word. Gevolglik was ons binne enkele oomblikke nadat ons die bevel ontvang het, gereed om aan boord van die wagtende skip te gaan. In lang opgestelde rye is ons deur middel van 'n loopplank aan boord gebring en moes ons sonder vertraging na die benededek gaan om sitplek aan die tafels in te neem. Oor 'n groot lengtedeel van die skip het slaapmatte oorkruis gestrek.

Onder streng bewaking, en tot in die verste hoeke van ons benededektuiste volgepak, was ons na die aanvang van die seereis uit Tafelbaai, nog vir 'n geruime tyd nie toegelaat om op die bodek te verskyn nie. Skynbaar bevrees vir 'n poging tot weerstand van die kant van die gevangenes, het 'n sterk wag, die trap wat na die bodek gelei het, versper. Vir mense wat toe vir die eerste keer met die wieg- en huppelbewegings van 'n skip op die oop see kennis gemaak het, was die toestand daar in die bedompige benededek, onuithoudbaar. Later in sy vaart op die wye see om Kaappunt heen, het die skip se bewegings op die onstuimige golwe, feitlik niemand van seesiekte gevrywaar nie.

Deur middel van berigte wat op verskillende maniere tot die burgers op kommando deurgesypel het, het ons kennis gedra van die noodtoestand waarin vrouens en kinders in die konsentrasiekampe verkeer het. Met verontagsaming van persoonlike ervarings en verswye van die onrus oor toekomsmoeilikhede, het die gedagtegang van gesinshoofde onder ons, grotendeels net gewentel om die agtergelate dierbares van wie die lewe aan die willekeur van die vyand oorgelaat is.

Die seereis na Indië het niks van besondere belang opgelewer nie. Na aan die kus van die eiland Reunion, het die skip as gevolg van 'n

* Saam met 'n groep Hollandse staflede van die N.Z.A.S.M. is die skrywer na die val van Johannesburg na Holland gedeporteer. Die Britte het nie besef dat hy in Suid-Afrika gebore is nie en die skrywer kon nie hul aandag daarop vestig sonder om tegelykertyd te laat deurskemer dat hy as Kapenaar by die Boerekommando's aangesluit het nie. Anders sou hy sekerlik weens hoogverraad veroordeel word. Na 'n besoek aan familie in Holland, keer hy na Lourenco Marques terug, vanwaar hy wou probeer om die Boerekommando's weer te bereik.

Tydens 'n poging om saam met twee maats oor die Lebomboberge Transvaal te bereik, word hulle deur 'n Bantoekaptein gevange geneem en aan die Britse owerheid oorgelewer — na 'n voettog van vier dae deur die huidige Kruger Wildtuin.

Van Komatipoort is die skrywer na Pretoria gestuur, waar hy weens hoogverraad aangekla is. Hy is daarna na Victoria-Wes gebring om veroordeel te word. Die besit van sy Transvaalse „Burgerreg Sertifikaat" laat hom sy vryheid terugkry. Deurdat hy egter weier om 'n eed van getrouheid aan die Britse regering af te lê, word hy as krygsgevangene na Groenpunt gestuur.

onstuimige see, nie maklik geslinger nie. Seesiekte het toe ook weer baie van ons hard gekarnuffel. Om die suidpunt van Indië, tussen Ceylon en die hawestad Madras, is die skip vir 'n aantal dae vertraag, vanweë 'n aansteeklike siekte wat iemand aan boord platgetrek het.

Die troepeskip het sy skeepslading krygsgevangenes in die hawe van Madras aan wal gesit. Alvorens ons bevel ontvang het om aan land te gaan, is ons eers van helmette voorsien, waarvan die bol en rant 'n duim dik was en met 'n kakiekleurige materiaal oorgetrek was.

Nie regdeur die stad nie, maar met 'n ompad oor 'n kaal, troostelose gebied, moes ons in ons honderdtalle aanstap na die spoorwegstasie, waar passasiersrytuie gereed gestaan het om ons van sitplekke te voorsien. Die metode toegepas om die rytuie tot hul uiterste kapasiteit vol te laai, het in die eerste plek vereis dat nie meer as 'n kwartduim ruimte tussen die sittende gevangenes in die verskillende kompartemente toegelaat word nie. Die trein waarin ek my bevind het, was dan ook van voor tot agter propvol gepak.

Bellary, die Indiese stad van ons krygsgevangeskap, is sentraal tussen oos en wes, hoog noord in die suidelike helfte van die Indiese skiereiland geleë. Van Madras af gesien, het die spoorlyn sy kronkelgang in 'n noordwestelike rigting daarheen gebaan. Dit het nogal tyd geneem alvorens die trein met sy vrag uitheemse passasiers in beweging gekom het. Asof sy trekvermoë bykans nie toereikend was nie, het die ouderwetse lokomotief sy las uiters moeisaam voortgesleep. In 'n ondersoek om vas te stel wat dan die eintlike oorsaak van so 'n sukkelgang kon wees, moes ons uitvind dat die lokomotief, behalwe met sy velerlei gebreke vanweë sy hoë ouderdom en outydse fabrikaat, boonop ook nog moes worstel om met behulp van kortgesaagde blokke hout, in plaas van steenkool, sy vereiste stoomkrag by te bring.

In die volgepakte kompartemente kon alleen hulle wat by die vensters sitplek bekom het, van die geleentheid gebruik maak om 'n blik op die daar vreemduitsiende landstreek te werp. In die terneergedrukte gemoedstoestand waarin die meeste van ons versink het, het die lewenslus en energie ons ook ontbreek om veel aandag aan die voorwerpe van ons onmiddellike omgewing te wy. Na 'n treinreis wat dae geneem het, is ons by ons aankoms op 'n niksbeduidende spoorwegstasie daar ver in die binneland van Indië, meegedeel dat ons die oord van ons bestemming bereik het.

Deur die oopstaande hek kon ons met ons eerste kennismaking met die krygsgevangekamp in Bellary, 'n aanblik verkry op wit langwerpige geboue, met hoë mure en breë voorstoepe. Naas die genoemde geboue het ook te voorskyn gekom, lang rye tente met dakke van riet en gras, om as beskutting te dien teen die verskroeiende hitte van die Indiese middagson. In die uitgestrekte middelgedeelte van die barakagtige geboue, was ysterkatels met matrasse, militêre komberse en klapperhaarkussings, in rye in gereedheid geplaas vir ons gebruik. Die tente was ook met soortgelyke slaapgeriewe voorsien. In die entdele van die geboue, was kleiner

vertrekke vir die gebruik van offisiere en onder-offisiere aangebring. Stewiggeboude was- en badkamers van sement, het ons aan die agterkant van die geboue aangetref.

Bellary was blykbaar 'n garnisoenstad. Die geboue wat tydelik afgestaan was om aan die krygsgevangenes herberg te verskaf, het daarom deel uitgemaak van 'n aantal soortgelyke geboue aan die buitekant van ons kampongheining. Laasgenoemde geboue het tydens ons verblyf in die Bellarykrygsgevangekamp, 'n Engelse militêre mag gehuisves.

Aangesien ons vir 'n tydlank in die Groenpuntkamp en daarna op die skip en in die trein streng bewaak, vasgepak en vasgeknel was, het die gevangenes op die dag van hul aankoms, die Bellarykamp en die onbelemmerde beweegruimte tussen die drade, uiters aangenaam gevind en daar goeie gebruik van gemaak. Binne perke, omskryf en verduidelik in kampregulasies, was ons toegelaat om ons op verskillende maniere en vasgestelde tye van die dag besig te hou met ontspanning en ander vryhede binne en buite die kampongheining. Na wat ons alles ná gevangeneming ondervind en deurgemaak het, het ons so 'n behandeling terdeë waardeer. Met 'n gebied van honderde treë lank, het ons geen rede gehad om oor gebrek aan ruimte binne die draadomheining te kla nie. Die viervoethoë omheining, wat met doringdraad kruislings oor 'n breedte van ongeveer agt voet dig gespan was, het ons krygsgevangeskap streng beklemtoon.

Vir die gebruik van die militêre polisie om die gevangenes te bewaak, was waghutjies van riet en gras met net genoeg ruimte om regop te staan, rondom die kamp op kort afstande van mekaar aan die buitekant van die omheining opgerig. Elke kwartier het nag na nag, beurtelings van hutjie tot hutjie om die kamp heen, die uitroep: „All's well", weergalm.

Aan die onderkant van die kampterrein, is 'n oop stuk grond vir die speel van sokker aangewys. Nader aan die woonbuurt was daar 'n tennisbaan. Naas die tennisbaan was 'n vergadersaal van riet en gras opgerig om te dien as plek van ontspanning en wat van tafels en sitgeriewe voorsien was.

Daagliks voorsien van 'n hoeveelheid voedselware, moes die krygsgevangenes self vir die voorbereiding daarvan sorg. Op 'n kort afstand van die woonbuurt af, was kombuisafdakke met die nodige kookgereedskap aangebring. Op enkele uitsonderings na, moes almal 'n diensbeurt in die kombuis waarneem. Hulle wat dit kon bekostig, was ewewel toegelaat om teen 'n redelike vergoeding, hul pligte in die kombuis aan 'n plaasvervanger oor te dra.

Ons voedsel het grotendeels bestaan uit vleis, rys, brood, aartappels en uie. Vir die lewering van die benodigdhede, vir die was van ons klere en vir ander noodsaaklike dienste, was kontrakte met plaaslike Indiërleweransiers gesluit. 'n Eienaardige tweewielige voertuig met 'n kap in die vorm van 'n langwerpige kafferbierkalbas en getrek deur twee vuilwit ossies, is verskeie kere per dag gebruik vir die aankarwei van die benodigde voorrade.

Vir hulle wat sulke luuksheid kon bekostig, is in een van die kleiner vertrekke van 'n hoofgebou, op enkele dae van die week en onder toesig van 'n Engelse sersant, snoeperye, rook- en skeergoed en meer soortgelyke artikels vir daaglikse gebruik, verkoop. Met 'n skriftelike vergunning, kon krygsgevange-offisiere teen betaling, elk drie glase alkoholiese drank per dag in die militêre kantien gaan nuttig. Gewone burgers was nie veroorloof om drank te koop nie. Teen dronkenskap, so het 'n waarskuwing gelui, sou streng opgetree word.

Ooreenkomstig instruksies, is die gevangenes in verskeie afdelings van 'n bepaalde grootte opgedeel, en aan elke afdeling was opdrag gegee om uit sy midde 'n lynkaptein te kies. 'n Afdeling, onderverdeel in gemeenskaplike tafeleenhede, moes oor elke tafeleenheid 'n korporaal aanstel. En om teenoor die kampkommandant, majoor Conran, as mondstuk en verteenwoordiger van die inwoners van die kamp diens te aanvaar, was aan die verkose ampsdraers bevel gegee om vir nakoming van genoemde pligte, een uit hul midde aan te wys. Die aangewese persoon is deur ons ook met die rang van kommandant beklee.

Sekere vasgestelde take moes deur die gevangenes, aan wie geen vrystelling verleen was nie, daagliks verrig word. Die verkose ampsdraers was daarom gemagtig om toe te sien dat geen pligsversuim aan die kant van die diensdoende gevangenes plaasvind nie. Ons verblyfplekke in die hoofgeboue en in die tente, die kombuise, kamers in gebruik vir was- en badgeriewe, ons eettafels op die stoepe, ens., moes altyd na gebruik daarvan weer netjies opgeknap word.

Om self vir die voorbereiding van ons etes te sorg, was vir ons nie alleen die nakoming van 'n opgelegde plig nie, maar ook en veral 'n voorreg wat almal hoog waardeer het. Toe ander mense belas was met die voorbereiding van ons voedsel (op die skip en by ander geleenthede) het dit dikwels inspanning geverg om weg te sluk wat ons aangebied was. Deur ons eie mense op Boerewyse voorberei, was dit weer kos waarna met blye verwagting uitgesien kon word.

Sportliefhebbers uit ons midde het binne 'n kort tyd voetbal-, krieket- en tennisspanne op die been gebring. Spanne van ons bewakers, het dikwels in wedstryde teen ons opgetree.

Na beëindiging van dienspligtige, sport- en ander bedrywighede van die dag, het 'n groot aantal van ons in die aande, vir tydverdryf en vermaak, in die ontspanningsaal bymekaar gekom. Lees, skaak, dambord en kaartspel het gedien om ons tot „ligte-uit" besig te hou. As gangbare betaalmiddel in kaartspel, moes vuurhoutjies diens doens. 'n Artikel in die kampregulasies het dan ook gelui dat gelddobbel streng verbode is. 'n Bepaling dat die ontspanningsaal op Sondae uitsluitlik net vir die hou van eredienste mag aangewend word, is ook streng toegepas.

Dissiplinêre maatreëls op militêre lees geskoei, moes daagliks uitgevoer word. Vier langgerekte fluite op 'n fluitjie om 6 vm en 6 nm., was 'n oproep om in lang rye aan te tree ten einde te antwoord by die aflees van name. Een kort fluit, was 'n oproep om op aandag te kom

en een langgerekte fluit, het verdaag beteken. Deur 'n Engelse offisier of onder-offisier waargeneem, is die oproepe end-uit volgehou. Vir „ligte-uit" is 'n kanon, gelaai met 'n loskruitpatroon, om halftien namiddag afgevuur. Na afvuur van die kanon tot die volgende oggend om 6 uur, was 'n krygsgevangene nie toegelaat om sy nagverblyfplek te verlaat nie, behalwe in die geval van hulle wat tussen 5 en 6 uur vm. moes opstaan om vir hul tafeleenhede koffie voor te berei.

Die krygsgevangekamp het ons vir meer as sestien maande huisvesting verleen. Volgens 'n vasstaande reëling van die kampkommandant is ons herhaaldelik in afdelings vir lang wandelings oor die uitgestrekte omgewing na die buitewyke van die stadsgebied geneem.

Soos te verstaan gegee is, was die eerste aankomelinge in die Bellary-gevangekamp, die skeepslading burgers van die Groenpuntkamp. Nie te lank na ons aankoms daar nie, is egter meer gevangenes saam met ons opgesluit met die gevolg dat die bevolking van die kamp gaandeweg al groter afmetings aangenem het. Van die inwoners het plaasboere natuurlik die meerderheid uitgemaak. Ander beroepe van die samelewing was ewewel ook sterk verteenwoordig. Later het ook 'n jong predikant as krygsgevangene sy verskyning in ons midde gemaak. Met sy koms kon die eredienste in die ontspanningsaal meer gereeld plaasvind, en sy optrede onder ons het veel bygedra om ons weer terug te plaas in die godsdienstige lewenswyse waarin ons opgevoed is.

Hoog in die noorde van Indië, in die gebied van die Himalaja-gebergtes, was die krygsgevangekamp Amritsar geleë. Boeregevangenes wat om die een of ander rede die misnoeë van die gesagvoerende Engelse offisiere van die kamp op die hals gehaal het, is vir straf daarheen gestuur. So het dit gebeur dat ook die Bellary-krygsgevangekamp sy kwota gevangenes, gebrandmerk vir wegstuur na Amritsar, moes lewer.

In 'n oorlog betrokke wat nog onbeslis voortgewoed het, het ons in die grootste onkunde verkeer wat betref die duur van ons verblyf in Indië. Aan die kinders van nog skoolgaande ouderdom in die krygsgevangekamp en jong manne wat gretig was om nog verdere skoolonderrig te ontvang, moes daarom deur mense met 'n gevoel van verantwoordelikheid gedink word. Na onderlinge raadpleging, is daar toe besluit om met die verkreë medewerking van die aanwesige krygsgevange-onderwysers, oor te gaan tot die stigting van 'n kampskool. Ek was bevoegd en ook gewillig om op te tree as klasonderwyser. 'n Onderwyser wat hoof was van 'n skool in Lydenburgdistrik, het onderneem om die pligte van hoof van die kampskool op hom te neem. 'n Ander onderwyser was bereid om as eerste assistent op te tree.

Van die kampkommandant het ons toestemming verkry om met die voorgestelde onderneming voort te gaan en ook die vergunning om in een van die hoofgeboue met beskikbaargestelde tafels, sitbanke, 'n paar swartborde en voldoende witkryt, ons kampskool te open. Leerboeke vir die onderrig in verskillende skoolvakke, is deur die hoof van 'n plaaslike onderwysinrigting aan ons gestuur, maar later het ons ook, saam met

'n groot versameling waardevolle leesboeke vir die gevangenes, geskikte skoolboeke van 'n bevriende organisasie uit Nederlands-Oos-Indië ontvang. En so is die Bellarykampskool in die lewe geroep, en was dit ons vergun om die ledige tyd vir 'n aantal maande nuttig aan opbouende werk te bestee.

Onmiddellik na ons aankoms in die krygsgevangekamp, is klere wat geskik was om in die warm Indiese klimaat te dra, aan ons uitgereik. Elkeen het twee pakke ontvang, een van ligblou dun flennie en die ander van ongebleikte linne, bestaande onderskeidelik uit 'n bobaadjie en 'n broek en 'n hemp en 'n broek. Vir skoeisel is ons sandale aangebied. Die dra van die uitgereikte klere was nie verpligtend nie. In gevalle waar die eie klere nog draagbaar was, is daarvan gebruik gemaak wanneer uitsonderlike geleenthede so 'n kleredrag meer paslik gemaak het.

Tyd, wat in alle omstandighede 'n oorheersende rol in die lewe van die mens speel, is in die spreekwyse van die gevangenes, onregstreeks aangehaal as medeverantwoordelik vir die onbenybare toestand waarin hulle daagliks verkeer het. Hoe langsaam gaan die tyd tog om; wat moet 'n mens maak om die tyd om te kry, ens. was versugtings wat daagliks gehoor is.

Die jaar 1902 het eindelik aangebreek en die maande vanaf 1 Januarie tot aan die einde van Mei, het droewig tydsaam, die een na die ander verbygespoed. Toe, onder 'n groot aanhef van jubeltone, het die Engelse koerante in Indië die treurmare versprei en wêreldkundig gemaak: Die Boere-kommando's lê wapens neer en die twee Boere Republieke het opgehou om te bestaan.

Ons kon nie, ons wou nie verstaan nie. Vertroue in die krygsmanskuns van ons Boere-offisiere en in die dapperheid en uithouvermoë van die burgers, het die hoop op 'n uiteindelike seëviering van die Boerewapens onverfloud in die harte van die krygsgevangenes laat voortleef. Berigte in die Indiese koerante wat in die verlede beweer het dat die Boeremagte op die punt staan om in duie te stort, het herhaaldelik geblyk, blote versinsels te wees. Aan verdraaiing van die waarheid het die gevangenes gevolglik gewoond geraak, vandaar die uiters wantrouige houding teenoor alles wat deur middel van die Engelse pers omtrent die oorlog aangekondig is. Na Meimaand kon ons egter opmerk dat die koerante volhardend die bewering handhaaf dat die beëindiging van die oorlog 'n voldonge feit is. Ook is besonderhede van die oorgawe verstrek, met vermelding van plek en datum van ondertekening van die vredesverdrag.

Oor die terugkeer van die gevangenes na Suid-Afrika, is toe ook geskryf en na aanleiding daarvan is melding gemaak van troepeskepe wat in verskeie hawens in gereedheid gebring word vir die verskeping van die gevangenes. Gelyktydig het ons ook van die kampowerheid mededelings ontvang wat die koerantberigte bevestig het.

Waar die inwoners van die kamp tot voor die verspreiding van die berigte oor die verlies van ons onafhanklikheid in voorbeeldige eens-

gesindheid saamgewoon het, het die onderlinge verhouding na Junie, 'n minder aangename verandering ondergaan. Na wik en weeg en 'n grondige ondersoek van die beskikbaargestelde feite, was die meerderheid van die krygsgevangenes bereid om die verklaring van die kampkommandant dat 'n toestand van oorlog nie meer bestaan nie, as volkome waar te aanvaar. 'n Minderheid was 'n ander sienswyse toegedaan en het vir 'n tydlank geweier om aan sekere vereistes te voldoen.

Die in gereedheid bring van ons skamele besittinkies, was teen die einde van Julie 'n merkbare aanduiding dat die gevangenes besef het dat die groot dag van terugkeer na die Vaderland, op die punt staan om verwesenlik te word. Die amptenaar wat belas was om ons korrespondensie te sensor, het sy instruksies om niks van belang oor gebeurtenisse in die Vaderland deur te laat nie, getrou nagekom. Hierdie prosedure het gevolglik veroorsaak dat die gevangenes in algehele onkunde verkeer het sover dit die heersende toestande in die gewese Republieke betref. Verlangende harte het dan ook vanaf die middel van die jaar vinniger begin klop, met die hoopvolle vertroue dat bemindes nog in die lewe verkeer. Na landing op Suid-Afrikaanse bodem is ontdek dat die gekoesterde verwagting in baie gevalle nie bewaarheid is nie.

Waar die kampdissipline in die verlede en tot aan die einde van Mei, onverpoosd streng toegepas is, het 'n verslapping in waaksaamheid oor ons bewegings buitekant die kampterrein vanaf Junie ingetree. Voorsien van 'n pas wat deur die kampkommandant onderteken is, was ons van toe af daagliks toegelaat om die kamp onbewaak te verlaat.

Die eis aan die krygsgevangenes gestel om 'n verklaring van trou aan die Britse troon te onderteken, was 'n maatreël wat dwars in die krop gesteek het. Die bereidwilligheid om te teken, was egter 'n voorwaarde wat saamgehang het met ons begeerte om na die Vaderland teruggeneem te word. Soos aan ons verduidelik, was nakoming van die gestelde eis vanselfsprekend onvermydelik. Ons naamtekeninge moes gevolglik onder die verklaring geplaas word. Hulle wat vasgeklem het aan die opvatting dat die stryd nog voortwoed, het halsstarrig geweier om te teken en kon daarom nie saam met die bereidwillige gevangenes uit die Bellarykamp gerepatrieer word nie.

Die inwoners van die kamp wat die verklaring onderteken het, is groepsgewyse betyds aangesê om hulle op vasgestelde datums in Augustus gereed te hou vir vertrek na Bombaai van Bellary-stasie af. Vir sover dit sy sigbare dele betref het, was die trein wat vir die vervoer van ons afdeling bestem was, nog dieselfde soos ons hom met ons vertrek van Madras af leer ken het. Die ruimte in die gereedstaande rytuie op die sylyn, was weer beswaarlik voldoende vir al die krygsgevangenes wat opgedaag het om vervoer te word. Aan die wegtrek van die trein kon ons weens sy sukkelgang, ook vasstel dat die ou vriend van die verlede, nogmaals belas was met die taak om ons weg te karwei — hierdie keer aan die begin van ons terugreis huiswaarts.

Die aankoms in Bombaai het niks belangrik ingehou nie, aangesien ons nie toegelaat was om die stad te besigtig nie. Sonder enige vertraging het die trein sy reis voortgesit na die hawehoof waar die troepeskip vir vervoer van die krygsgevangenes alreeds aangekom het. Goed bekend met die inrigting van so 'n skip, het dit ons hoegenaamd geen moeite gekos om ons weer daarop tuis te maak nie.

Die kus van Natal het in dynserigheid aan die horison sigbaar geword en later kon die krygsgevangenes vier myl suid van Durban by Umbilo aan wal gaan. Weens onvoldoende vervoergeleenthede, moes hulle vir 'n paar dae daar in tente vertoef. Nadat die nodige reisfasiliteite beskikbaar gestel was, kon elkeen met sak en pak en 'n vry spoorwegkaartjie, op eie houtjie koers vat na die vooroorlogse tuiste.

C. J. Blom.